NGKERK
WONDERPARK
SES GENERASIES VIR CHRISTUS

# GESINSEREDIENS

## Dr Ernst Endres – 13 Oktober 2024

**Teks: Titus 3:3,4**

**Tema: God maak sy hart oop vir mense.**

Die gelowiges in Kreta was bekeerlinge uit die heidendom asook Jode wat op die eiland geleef het. Paulus het hulle beskryf as mense wat in opstand teen gesag kom, wat onsin praat en mense verlei, leuenaars, ongediertes en lui vrate. Hulle is koppig en deug vir geen goeie werke nie.

Dis juis aan hierdie mense wat die goedheid, liefde en ontferming van God verskyn het. Hierdie drie woorde beskryf die hart van God. Ons lees in Titus 3:4,5

> "Maar toe het die *goedheid* van God ons Verlosser en sy *liefde* vir die mens verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie *ontferming*"

**1. Die sagte hart van God, ons Vader. (Titus 3:4,5)**

Paulus gebruik in verse 4 en 5 drie woorde om die hart van God teenoor stukkende mense te beskryf, nl. goedheid, liefde en ontferming:

- *Chrestoteis:* God is hartlik, menslik, saggeaard en simpatiek.
- *Philanthrōpía*: God is die liefhebber van mense en ook hulle beste vriend.
- *Eleos (pity)*: God kry stukkende mense baie jammer en Hy is geduldig en vol deernis met hulle.

**2. God maak Sy hart oop vir mense wat deur sonde vernietig is en wat verdien om gestraf te word. (3:3)**

- *Verkeerde pad*: God maak Sy hart oop vir mense wat onverstandig en ongehoorsaam is en wat op die verkeerde pad is;
- *Verslaafdes*: God maak Sy hart oop vir mense wat aan allerlei begeertes en singenot verslaaf is;
- *Boosheid en jaloers:* God maak Sy hart oop vir kwaadwillige (boos) en jaloerse mense;
- *Haatlik*: God maak Sy hart oop vir mense wat haatlik is en wat ander mense haat;

**3 God se Plaasvervanger: Jesus Christus.**

Ons lees in Titus 3:4,5

> "Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming".

- As jy God se hart wil sien, moet jy na die kruis kyk.

# GESINSEREDIENS

- Jesus Christus het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en
- Ons van sonde te reinig,
- Sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen.

*Samevattend.*

As 'n begenadigde leef jy die hart van God teenoor stukkende mense, wat dit nie verdien nie, uit:

- Begenadigdes is menslik en saggeaard en tree met simpatie op;
- Begenadigdes is lief vir mense en is ook 'n goeie vriend;
- Begenadigdes kry stukkende mense jammer en is geduldig en vol deernis met hulle foute en swakhede.

**SEËNBEDE:**

[2]Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.
[3]Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom, u bystaan uit Sion.
[4]Mag Hy al u graanoffers onthou en u brandoffers aanneemlik vind. Sela
[5]Mag Hy u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk.
[6]Ons sal juig oor u oorwinning en in die Naam van ons God die vaandels ontplooi.
Mag die Here alles gee wat u vra.
[7]Dit weet ek:
die Here sal aan sy gesalfde die oorwinning gee!
Uit die heilige hemel verhoor die Here sy gebed;
die Here gee deur sy groot mag aan hom die oorwinning.
[8]Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde,
maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.
[9]Húlle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan.
[10]Here, gee tog aan die koning die oorwinning.
Mag die Here ons gebed verhoor
wanneer ons na Hom roep.

**AMEN!**